INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

IT-PERSONEEL SKUD HULLE SAKKE VIR VWS

Die afgelope week woed `n verwoestende veldbrand in die Jonkershoekvallei in Stellenbosch. Bykans 3000 hektaar veld reeds gebrand en 450 brandbestryders het hulle hande vol gehad om die brand onder beheer te hou.

Met die onlangse verwoestende brand in die Kaappunt-omgewing het ons gesien hoe hard brandbestryders onder moeilike omstandighede werk en `n groot deel hiervan is VWS (Volunteer Wildfire Services) vrywilligers. Hulle is dus afhanklik van bydraes om hulle werk te kan doen en het fondse nodig om brandbestryding met helikopters te doen, vir toerusting en ook basiese items soos mediese voorraad, oogdruppels, kos en water.

Informasietegnologie-personeel wou graag help en het Woensdag hulle sakke geskud en teen die einde van die dag reeds R4450-00 ingesamel, sowel as kosvoorraad. Hierdie geld word via Givengain se geregistreerde VWS-projek direk in hulle rekening betaal sodat hulle dit kan gebruik vir noodsaaklikhede.

Ons daag ander US-departemente en -afdelings uit om dieselfde te doen. Gaan kyk gerus op Volunteer Wildfire Services sewebwerf vir meer inligting oor hoe om te help en hulFacebook-blad vir die nuutste nuus oor die brand.

Posted in:Gemeenskapsinteraksie,Algemeen | | With 2 comments